higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N110**(A)**(N12)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

KINDERGESONDHEID N4

(9070244)

12 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KINDERGESONDHEID N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

GS

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'Topping and tailing' behels om die baba se … te was.

A gesig, voete, en doekgedeelte ('nappy area')
B gesig, armholtes ('armpits'), en doekgedeelte
C gesig, hande, en doekgedeelte
D kop en skouers

1.1.2 Die tragea (lugpyp) bestaan uit 'n …-vormige kraakbeen wat sorg dat die lugpyp oop bly.

A C
B O
C U
D T

1.1.3 Watter EEN van die volgende is NIE 'n voordeel nie:

A Verhoogde voorkoms van borskanker
B Geen premenstruele spanning
C Geen onnodige bloedverlies
D Tydelike verlaagde vrugbaarheid ('fertility')

1.1.4 Die regte manier om 'n baba neer te lê is …

A op die regtersy.
B op die maag.
C op die linkersy.
D regop ('upright').

1.1.5 'n Teken van voldoende voeding is …

A aanhoudende gehuil.
B weiering om aan die bors te drink of daarteen te baklei.
C minstens 6–10 nat doeke per dag.
D minder nat doeke.

1.1.6 Die manlike voortplantingstelsel ('reproductive system') begin op die ouderdom van ongeveer … funksioneer.

A 12
B 14
C 20
D 10

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Die voedingstowwe (‘nutrients’) wat ons opneem (‘ingest’) dra by tot die volgende fisiese ontwikkeling van ‘n kind:

A Swak konsentrasie
B Oorgewig (vetsug)
C Voorsien ‘n vetlaag om temperatuur in stand te hou
D Tandheelkundige probleme

1.1.8 Watter van die volgende simptome by ‘n swanger vrou moet onmiddellik onder die aandag van die mediese personeel gebring word:

A Urineer te dikwels
B Moeder voel moeg, slaperig en uitgeput
C Beweging van fetus het opgehou
D Naarheid as gevolg van veranderinge in hormoonvlakke

1.1.9 ‘n Nageboorte-ondersoek (‘post-natal examination’) sluit in:

A ‘n Vaginale ondersoek
B ‘n Respiratoriese ondersoek
C ‘n Bloedondersoek
D ‘n Tandheelkundige ondersoek

1.1.10 Infeksies wat ontstaan tydens bottelvoeding kan wees as gevolg van:

A Oorvoeding
B Oorskietmelk wat vir te lang tydperke aan die atmosfeer blootgestel is
C Voeding wat in die yskas gehou is
D Die tiet wat met droë sout gevryf is

(10 × 2) (20)

1.2 Kies ‘n term of woord uit KOLOM B om by ‘n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Die voeding wat as aanvulling tot borsvoeding gegee word	A	farinks (‘pharynx’) (keelholte)
1.2.2	‘n Spierbuis agter die neus- en mondholte	B	hardlywigheid (‘constipation’)
1.2.3	‘n Donker gedeelte rondom die tepel	C	komplementêre voeding
1.2.4	Dit word veroorsaak deur swak eetgewoontes, ‘n swak dieet en onvoldoende inname van vloeistof en kos wat vesel bevat	D	brandplek (‘scald’)
1.2.5	‘n Brandwond wat deur klam hitte veroorsaak is	E	areola
		F	lariks (‘larynx’)

(5 × 2) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs ‘waar’ of ‘onwaar’ langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Tydens naweke moet die baba nie dikwels deur die dag geborsvoed word nie omdat dit die speenroetine (‘weaning routine’) sal verbreek.

1.3.2 Dit is belangrik om baie vloeistof te drink om hardlywigheid te voorkom en normale nier- en blaasfunksie tydens swangerskap te verseker.

1.3.3 Spening (‘Weaning’) waar die baba die leiding gee (‘baby-led’), is wanneer die baba besluit om op te hou met voeding aan die bors.

1.3.4 Jy kan die badwater aanvul (‘top up’) wanneer die baba of peuter in die bad vir volwassenes is.

1.3.5 Om dikwels toilet toe te gaan is ‘n aanduiding dat die kind gesond is.

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.4 Gee EEN woord of 'n term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord of term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Gehumaniseerde melkformules ('humanised formulae'); gastro-enteritis; gesondheidspan; lochia; brongitis; 'n gehoes ('coughing')

1.4.1 'n Inflammasie of infeksie van die slymvlies van die longe

1.4.2 Enige persoon of organisasie wat met betrekking tot die kinders se gesondheid 'n bydrae tot 'n 'educare'-sentrum kan lewer

1.4.3 Die helderrooi vaginale afskeiding onmiddellik na geboorte.

1.4.4 Voeding wat van beesmelk voorberei is en gemodifiseer is om soveel moontlik soos borsmelk te wees.

1.4.5 'n Inflammasie van die maag en ingewande in reaksie op 'n infeksie, allergie, of gif wat deur middel van besmette kos, hande en/of melkkosse ingeneem is.

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

Die lede van die Gesondheidspan het die verantwoordelikheid om die jong kind se gesondheid in stand te hou en te verbeter.

[Bron: *Child Health manual*]

2.1 Beskryf die funksies van die volgende lede van die Gesondheidspan:

2.1.1 Sosiale werkers

2.1.2 Munisipale en skoolgesondheidsdienste

2.1.3 'Educarers'

(3 × 4) (12)

2.2 Swanger vroue moet 'n gebalanseerde dieet handhaaf.

Adviseer in jou hoedanigheid as 'educarer' 'n swanger vrou oor korrekte eetgewoontes. (16)

2.3 Die keuse van melk wissel afhangend van die ouderdom van die baba of peuter wat gespeen word.

Gee AGT faktore wat die keuse van die mees gepaste melkformule beïnvloed. (8)

2.4 Gee die standaardmeting om 'n melkformule voor te berei. (4)

2.5 Die deksels van doekemmers ('nappy buckets') moet toe wees tydens ontsmetting.

Identifiseer TWEE risiko's as die doekemmer nie weer met die deksel toegemaak word na gebruik nie. (2)

2.6 Gee enige TWEE metodes om 'n doek te vou. (2)

2.7 Die droogmaak van klere in die son het sekere uitwerkings. (4)

2.7.1 Gee kortliks EEN positiewe uitwerking as klere in die son drooggemaak word.

2.7.2 Gee kortliks EEN negatiewe uitwerking as klere in die son drooggemaak word.

2.8 Beskryf die funksie van die rugmurg ('spinal cord'). (2)
[50]

VRAAG 3

Doeke moet omgeruil word sodra jy besef dat die baba sy/haar doek bevuil of natgemaak het.

[Bron: *Child Health manual*]

3.1 Beskryf TIEN stappe om 'n doek om te ruil. (20)

3.2 Noem DRIE verskillende soorte doeke. (3)

3.3 Beskryf die roetine wat gevolg word wanneer doeke ontsmet word. (16)

3.4 Identifiseer die risiko's om babapoeier op 'n baba se lyfie aan te wend. (4)

3.5 Gee DRIE redes hoekom dit nodig is om veiligheidsbedekkings ('safety covers') op krane te gebruik. (3)

3.6 Die bloedsomloopstelsel ('circulatory system') bestaan uit die hart en bloedvate.

Gee TWEE funksies van bloedvate. (4)
[50]

VRAAG 4

Kinders moenie skoene van ouer broers en susters 'erf' nie.

[Bron: *Child Health manual*]

4.1 Stem jy saam met die stelling hier bo? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

4.2 Adviseer moeders oor waarna hulle moet oplet wanneer hulle skoene vir hulle peuters kies. (16)

4.3 Identifiseer DRIE soorte gewrigte ('joints') en gee die funksie van elkeen. (9)

4.4 Adviseer moeders oor hoe om 'n baba te hanteer wat weier om van 'n bottel te drink. (8)

4.5 Gee VYF voorbeelde van kunsmatige voedings ('artificial feeds'). (5)

4.6 Beskryf DRIE faktore wat die kind se gesondheid vanaf bevrugting ('conception') kan beïnvloed. (6)

4.7 Noem DRIE items wat saam met doeke gebruik word. (3)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou